DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

In vandag se tyd gebeur alles teen 'n vinnige tempo. Besluite moet dikwels baie vinnig geneem word, en dit gebeur ook dat die gevolge onaangenaam is. Daar word daagliks groot risiko's geneem. Om dit kort en bondig te stel: daar moet te veel dinge in te min tyd gebeur. Dan is dit moeilik om rustig te gaan sit en tyd aan jou godsdiens te bestee.

Ons is almal deel van die een liggaam in Christus. Daarom moet ons ook tyd afstaan aan ons godsdiens en ons plek volstaan in die gemeenskap van die heiliges. Ons moet mekaar vertroos en ondersteun as dit sleg gaan, maar ons mag ook deel in mekaar se vreugde. Ons mag mekaar bystaan en opbou in die geloof. Dan kan ons as Christene 'n positiewe uitkyk op die lewe hê.

Niks kan te erg wees as Christus met ons is nie. Laat ons daarom uit dankbaarheid lewe. Laat ons ook saam groei in die geloof. So mag ons die Here ook dank dat hy dit moontlik maak om elke keer weer die Olielamp uit te gee.

Ek hoop julle geniet hierdie uitgawe
Karina

INHOUD

Uit die Woord	Eenheid as liggaam van Christus (1 Kor. 12)	Theo van der Vinne	2
	Maleagi 1	Ernst van Vondel	3
Oppad	Homo Sapiens word Babianus Sapiens	Jan van Houwelingen	4
	Wat is 'n gereformeerde student?	Ds Visser	6
	Ons droomwêreld?	Dirk Boon	8
	Kurrikulum 2005	Maaike Raimond	9
Voel jy ook so?	Die eintlike struikelblok	Peter Raimond	11
Pretoria	Verslag - Geestelike kommissie: Kongres 1999	Annet Lubbinge	13
	Nuus vanuit Pretoria		13
Maranata	Oosgenotjies	Johannes de Vries	14
Rehobot	Deur die sleutelgat		15
	Zuid-Afrika: een schitterend land!	Peter Voorberg	17
Nog Iets…	Reagerend	Annemarie	19
	Raai nou		19
Algemeen	Verjaarsdae		20

EENHEID AS LIGGAAM VAN CHRISTUS (1 KOR. 12)

Theo van der Vinne

"En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie" - vers 1.



Paulus begin hierdie hoofstuk deur die Korintiërs, en so ook ons, daarop te wys dat almal wat Jesus Christus bely as die Here van hulle lewe, die Heilige Gees ontvang het. Niemand kan in Christus glo sonder die toedoen van die Gees nie. Verder praat Paulus ook van die gawes van die Gees wat ons kan lees in die verse 8-10 naamlik: wysheid, kennis, geloof, gesondmaking, kragte, profesie ens. Hierdie groot verskeidenheid genadegawes is almal deur die werking van die Heilige Gees, met die doel dat al hierdie gawes die opbou van die gemeente sal bewerkstellig.

"Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus" - vers 12.

Om dit te verduidelik gebruik Paulus die beeld van die liggaam met sy baie lede. Alle lede van een liggaam is verskillend, maar vorm tog saam een organiese eenheid. Die klem val daarop dat die liggaam nie uit afsonderlike stukke bestaan nie en dat elkeen nie net vir sy eie voordeel funksioneer nie, maar dat elkeen pas tot sy reg kom, wanneer hy tot voordeel van die hele liggaam funksioneer. Alles wat in en van die liggaam is, is in diens vir die lewe van die liggaam in die geheel , deurdat elke lid sy bepaalde funksie in diens van die geheel uitrig.

Hierdie vergelyking wat Paulus gebruik verwys na Christus. Christus is die hoof van die liggaam, en ons, as gemeentelede, die lede. In Rom. 12:5 lees ons dat ons almal een liggaam in Christus is. Ons almal as lede van Christus, moet saamwerk onder die een hoof, nl. Christus. Ons moet ons verskillende talente en werkings so gebruik dat ons, as geheel, een liggaam van Christus vorm.

Die baie gawes in die gemeente is nie deur die werk van die predikant, of omdat ons van nature so bekwaam is, daar nie. Nee, dis alles die werk van die Heilige Gees wat aan elkeen uitdeel soos wat Hy dit wil. Die gawes gee Hy sodat elkeen wat dit ontvang, dit in diens van die kerk kan aanwend, en nie tot eie roem nie. Niemand kan homself verhef bo 'n ander nie, maar wie wil roem moet in die Here roem (1 Kor. 1:13). Die gawes, hoe verskillend ook al, het dieselfde oorsprong en is daar vir dieselfde doel.

"*Sodat daar geen verdeeldheid mag wees nie, maar dat elkeen gelyke sorg vir mekaar mag dra.*"(vers 25) Met die beeld van 'n liggaam waarvoor die lede

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Rinus Kamphuis
Lid: Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries (johannes@ef.techpta.ac.za)
Penningmeesteresse: Cora Visser
Sekretaresse: Anneke de Jager
Lede: Annemarie de Vente, Margreet Bron & Hein Smit

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting & Christine van der Linden
Sekretaresse: Margreet Moes
Finansies: Jaco Haak
Lid: Erik van Alten

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Leclue Nienaber

Uitleg:
Bijker Broers (krokkie@easy.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: *http://www.vgk.org.za/olielamp/*

Koste: R35.00 per jaar

gelyke sorg vir mekaar dra, bring Paulus die eenheid en verskeidenheid in die kerk bymekaar. Soos ‘n hand en oog, wat heeltemal verskillend is, maar tog altwee afhanklik van mekaar is. Ons as eenheid moet nadink hoe die verskeidenheid tot eer van God die beste kan funksioneer en dan ook niemand uitsluit nie, want juis die lede wat volgens menslike oordeel as “onbekwaam” bestempel word, word deur God groter eer gegee (vers 22-24). Dis baie belangrik om te onthou dat die Here self (en nie die mens nie) die liggaam so saamgestel het, dat geen lid oorbodig is nie. Ook die “swakker” lede is noodsaaklik vir die geheel. Die waarde of betekenis van die lede hang nie af van menslike beoordeling nie, maar van wat God vir ons almal bestem. Hiermee word God se bedoeling met sy kerk duidelik gemaak, naamlik dat daar nie verdeeldheid sal wees nie (vers 25). Die een se blydskap is almal se blydskap en die een se hartseer is almal se hartseer.

By ons doop word ons al ingelyf in die eenheid van die gemeente. Ons is almal in een Gees gedoop tot een liggaam. God besluit daar reeds wat ons plek in die gemeente gaan wees, en daarom mag ons nie die plek wat God aan ‘n ander gegee het beny, geringskat of verag nie. Ons kies nie self wat ons wil wees of wat ons wil doen as lede in die gemeente nie. Dis God wat alles volgens sy wil laat geskied.

Elke lid het van God ‘n eie opdrag gekry, wat alleen hy kan uitvoer in diens van die liggaam. Hy moet daarom getrou bly aan sy eie funksie en daarop gesteld wees om sy eie bydraes te lewer tot normale funksionering van die liggaam. God skenk sy genadegawes vir ons met die oog op die plek wat elkeen van ons moet vervul. Daarby moet ons onthou dat die geheel nie aan een onderdeel gelykgemaak kan word nie, maar dat die baie lede wel tot een geheel saamgevoeg kan word. Daarom moet daar onderlinge waardering vir elkeen se funksie wees. Slegs met mekaar kan ons mekaar dien, en daarom is dit ook belangrik dat ons nie almal volgens ‘n vaste patroon gemaak is nie.



So sorg God dat ons ‘n eensgesinde eenheid kan wees. Die liefde sorg dat die verskeidenheid juis ‘n rede tot eensgesindheid is, maar as die liefde afwesig is, word die verskeidenheid rede vir bittere botsing. Die liefde is dus baie belangrik, en bind die lede aan mekaar. Daarom moet ons innerlik eensgesind wees en so vir eenheid in die kerk bid. Die geestelike eenheid moet sigbaar word, sodat die wêreld kan glo dat die Seun van God vir ons almal gestuur is, sodat ons lewe vernuwe kan word. Hierdie evangelie is dan ook deurslaggewend vir ons eenheid in die geloof.

Laat ons mekaar so dien, en die eenheid in die kerk so bewaar dat:
Ons nie die andersheid van die verskillende dele in so ‘n mate beklemtoon dat die een lid sal sê : “*Omdat ek nie gelyk is aan die ander lede nie, is ek nie deel van die een liggaam nie.*” (vers 15-16)
Ons die eenheid nie sodanig beklemtoon dat een lid te kenne sal gee dat hy alleen die liggaam is nie (vers 17-20).
Ons nie die verskeidenheid sodanig beklemtoon dat die en lid sal sê dat hy niks meer met die ander lede te doen wil hê nie (vers 21-25).

Mag God se Gees ons almal leer hoe om volgens sy wil te bid en te werk met die gawes wat Hy vir ons elkeen gegee het ter wille van die eenheid van sy kerk.

MALEAGI 1

Ernst van Vondel

(Lees ook Romeine 8: 31-39)

Hier het ons te doen met ‘n Godspraak aan die volk Israel, ongeveer ‘n honderd jaar na die terugkeer uit ballingskap en ongeveer vier eeue voor die menswording van Christus. Die volk Juda voor sy ‘n provinsie van die Persiese Ryk geword het. Dit is die laaste Godspraak van die Ou Testament voordat God deur die engel Gabriël weer sou spreek. Die profeet



Maleagi bevind hom dus in ‘n baie unieke tydperk – die tempeldiens is herstel en die kerklewe het weer sy “normale gang” aangeneem. Maar hierdie geslag het nie persoonlik die vrymaking van die ballingskap beleef nie en daarom sê die ballingskap en die terugkeer daaruit vir hulle nie veel nie. God se groot genade blyk vergete te wees en in hierdie omstandighede bring die profeet Maleagi die laaste appél van God om sy

genade dankbaar vas te hou. Maleagi moet dit aan die volk duidelik maak dat God se seëninge teruggehou word weens hul ontrou aan God se verbond.

God verklaar sy liefde (vers 2-5)
Tog begin God met ‘n liefdesbetuiging: “Ek het julle liefgehad.” Die oorspronklike teks bring tot uitdrukking dat daardie liefde tot die hede strek (beter vertaal in die Nuwe Vertaling). En dan vra die volk : “Waarin het U ons liefgehad?” So asof hulle wil sê: “Maar liefde moet tog blyk en gestalte aanneem.” Uit ‘n misplaaste selfmedelye vergeet hulle God se wonderwerke soos die volk dit ook gedoen het toe hulle uit die slawerny van Egipte uitgelei is. Die volk het dus diep gesink en juis nou moet hulle herinner word aan God se wonderdade.
En daarom voer die Here nou baie konkrete bewyse van sy liefde aan. God gaan so ver terug soos die geboorte van Jakob en Esau. Ja, volgens die wet van die natuur sou Esau, die eersgeborene, die groot erfgenaam gewees het. Maar God wil duidelik maak dat die fondasie van sy kerk sy welbehae, ontferming en verkiesende genade is. Ja, die Edomiete (die nageslag van Esau) beroem hom steeds op die gang van die natuur. Hulle sal in eie krag en kennis – wat daar volop was – hul puinhope weer opbou, die jakkalse verjaag en die wildernis herstel. Maar God verag hierdie ydele vertroue op enigiets behalwe sy vrywillige genade. En daarom antwoord God met: “Laat hulle bou, Ek breek dit tog af.”

In die eerste dialoog sê God dus aan Juda: Kyk hoe het ek jou in Jakob liefgehad en aan jou genade betoon. Moet dit nooit vergeet nie. As julle dink julle gaan deur ‘n moeilike tyd, kyk wat het Ek aan die Edomiete gedoen omdat hulle julle wou verdelg. Die woorde is egter gerig aan die hele volk Israel! Aan Edom sê God: Vertrou enkel en alleen op my genade.

God kla sy volk aan (vers 6-14)
Die volk vra: “Waardeur het ons u Naam verag?” Hulle bring onreine offers aan God – blinde diere, geroofde diere, lam diere en siek diere. “’n Kneg eer tog sy heer,” sê God. "Julle sou nooit sulke offers aan die wêreldse konings bring nie, maar julle verontreinig my altare daardeur en verwag steeds my guns en genade!"
Was daar maar iemand wat die deure van die tempel vir julle kon sluit. Julle dink dat julle offers aan my onmisbaar is, maar my Naam is groot onder die heidene.

Wat is die boodskap dan vir ons vandag?
Roem nooit op jou herkoms en vroom gewoontes nie. God soek vertroue enkel en alleen op sy genade. Moenie Sy weldade vergeet nie. Moenie soos ‘n bederfde kind binne die veilige mure van jou vader se huis kla oor die gebrek aan liefdevolle versorging nie. Deur die Woord open God ons oë teenoor die bouval van Esau en sê: “So het ek nooit met jou gehandel nie.”
Wat lig beteken besef 'n mens dikwels eers wanneer jy duisternis ervaar. So skitter die lig van God jeens ons teen die donker agtergrond van God se toorn teenoor die wêreld.
Leef uit hierdie dankbaarheid en moenie halfhartige en lou offers aan God bring nie.

Oppad

HOMO SAPIENS WORD BABIANUS SAPIENS

Jan van Houwelingen

Is die aap die voorouer van die mens? Ons stem seker almal saam dat dit nie so is nie. Maar het jy al ooit gewonder of ons nie dalk die voorouers van een of ander nuwe aapspesie sal wees nie? Ek dink die mensheid is vinnig op pad om te devolusioneer na ‘n dierspesie toe.

Dit is eintlik ‘n baie ironiese saak, want die moderne mens dink juis dat hy ‘n voorsprong het bo die mense uit die Middeleeue, maar al die pad raak hulle verder en verder agter.

Sedert die Franse Rewolusie is al baie gespekuleer oor die een karaktereienskap wat die mens van die diere onderskei. As jy na die verskeie basiese karaktereienskappe van die mens kyk, kom jy tot die besef dat die mens baie eienskappe met die diere deel. Mens en dier het albei basiese behoeftes. Enkele hiervan is die behoefte aan skuiling, kos, warmte, voortplanting en vryheid. Maar die mens het behoefte aan erkenning en dit het die diereryk nie.

Hierdie erkenning, waaraan die mens behoefte het, moet vanaf medemense kom. Die soeke na erkenning was die groot rolspeler in die geskiedenis. So was dit juis die soeke na erkenning op grond van die gelykheid van alle mense wat tot die Franse Rewolusie gelei het.

As antwoord op die Franse Rewolusie het daar ‘n nuwe staatsbestel ontstaan: die Liberale Demokrasie. In hierdie staatsbestel staan wedersydse erkenning op grond van die gelykheid van alle mense sentraal. Die gevolg hiervan is dat niemand aangespreek mag word op sy lewenswyse of moraal nie. Alles is reg en goed, mits hy nie ander mense se waardigheid krenk nie.

Omdat die mens outomaties erken word in so ‘n staat, verloor hy naderhand aansporing om na erkenning te sóék. Dit is jammer en kan fataal wees. Die mens het geen behoefte meer om deur kreatiwiteit homself beter te bewys as ander nie. Dis hoekom daar geen beroemde, moderne skilders is wat naastenby so mooi kan skilder as wat Rembrandt gedoen het nie. Dis hoekom alles wat die moderne wêreld lewer massaproduksie is van lelike dinge soos rekenaarskerms, Toyota Camry’s en namaak-robyne. Die enigste gebied waarin die mens homself nog kan bewys is in sport en mallighede soos bungy-jumping en lugtoertjies.

Sport bring ons nou by die groot karaktertrek van die moderne samelewing, naamlik die groot klem wat op die liggaam en vitaliteit gelê word. Omdat die mens geen hoër doel het om na te streef in die moderne staat nie, val hy terug op die enigste ding waarvan hy seker is dat dit bestaan - sy eie liggaam. Gaan kyk maar by die CNA, hoeveel ruimte die tydskrifte aan liggaamsversorging, resepte en mode bestee. En kyk sommer dadelik ook hoeveel ruimte daar aan moraliteit toegewys word. Hierdie opvallende ongebalanseerdheid is juis daaraan te wyte dat daar nie meer reg en verkeerd op die gebied van moraliteit bestaan nie, maar wel op liggaamsgebied.

Dis ironies dat juis die kenmerk wat, (soos wat die geleerdes van mening is) die mens van die dier onderskei, in die moderne staat verwoes word. Ons soek nie meer erkenning nie, ons is net soos ‘n hond wat tevrede is om heeldag in die son te lê, mits daar kos, skuiling, warmte en vermaak is wanneer ons daar behoefte aan het. Weg is die onderskeid tussen mens en dier.

Om hierdie bejammerenswaardige voorland van die mensheid te voorkom of te stuit, bestaan daar baie teorieë.

So kan die godsdiens, volgens Nietzsche ‘n nuttige raamwerk vir die mens bied waar binne hy kan leef. Daar bestaan dus weer ‘n reg en verkeerd vir ‘n godsdienstige mens en voel hy, hy word deur sy medegelowiges erken. Nie sommer outomaties erken omdat hy mens is nie, maar omdat hy (probeer om) die goeie (te) doen. Daarom sal hy meer en meer begin streef na die goeie en sal ‘n minder liberale staat veel beter wees as die moderne liberale staat.

As die godsdiens jou egter nie aanspreek nie, meen ander filosowe, moet jy by bv. ‘n kantklos-, blommerangskikking- of modelvliegtuigievereniging aansluit. Sodat hulle jou ‘n raamwerk en ruimte bied om in te presteer en weer na erkenning te soek.

Ek is persoonlik daarvan oortuig dat die mensheid in wese regtig nie verbeter het nie. Ons hoef net rondom ons te kyk. Alles in die samelewing dui op ‘n vervlakking van die Westerse mensheid. Beroemde skilderye van die moderne tyd, straal niks anders as ‘n chaos van kleure, vorms en emosies uit nie. En dis nie anders met die moderne musiek, klassiek sowel as populêr, nie. En ja ek stem saam met Nietzsche dat godsdiens ‘n verskil kan maak, want kyk maar na die geskiedenis. Wanneer en waar is byvoorbeeld die beste musiek allertye geskryf? Hulle het almal in die Christelike Europa gewoon en gewerk. Daar waar vir hulle gesê is wat reg en verkeerd is, waar ‘n raamwerk vir hulle gebied is om binne te leef. Tot sover kan ek my met Nietzsche vind.

Die probleem is egter dat in hierdie teorie godsdiens alleen maar “nuttig” is.

Dit gaan nie om die eer aan God nie. As jy ‘n groot komponis soos Bach vat, sal hy nie as eerste rede opgee dat hy presteer het, slegs omdat hy erkenning gesoek het nie. Maar dat hy al sy werke in diens van God gestel het en Hom wou groot maak en eer. Waarom sal ‘n Christen goeie werk lewer? Om God te verheerlik en te dank. Die lewe het nog steeds sin vir hom, dis nie ‘n doodlopende weg nie.

Daarom bied die Christendom inderdaad uitsig vir die mensdom, die lewe bestaan nie maar net uit jou eie liggaam en verder is alles betwyfelbaar nie, maar die lewe is tot eer van God en loop vir die gelowiges uit op die Nuwe Jerusalem. Daardie “staat” wat volmaak sal wees, waar die mens nie soos ‘n dier word nie, maar ‘n verheerlikte, sondelose en onsterflike mens en waar God volkome geëer sal word.

WAT IS ‘N GEREFORMEERDE STUDENT?

Ds Visser

As jy na hoërskool verder gaan studeer kom jy in ‘n ander omgewing. Jy kom in ‘n omgewing waar jy as Christen ook in jou studie ‘n eie identitiet moet wys. Ek het in ‘n lesing vir die studentevereniging in Pretoria iets oor die geskiedenis en ontwikkeling van die universiteit gesê. Dit is vanweë die beperkte ruimte in ons blad nie moontlik nie. Ek wil nou net op enkele dinge wys wat belangrik is om ‘n gereformeerde student te wees.

‘n Gereformeerde student het kennis.
As jy na die universiteit gaan is dit nie so dat jy niks weet nie. Jy kom met allerhande sienings in aanraking maar dit is nie so dat jy net kennis of sienings van ander hoor nie. Jy het ook jou eie gedagtes en oortuigings. As dit goed is gaan jy met ‘n geloofsoortuiging na die universiteit.
Belangrike kennis waarmee jy die eerste keer die deur van die universiteit binnegaan is die kennis van die Bybel en die kennis dat jy die Drie-enige God mag ken. Hierdie kennis is belangrike en fundamenteel.

Dit is belangrik dat iemand met ‘n goeie kennis van die Bybel sy studie aan die universiteit of ‘n ander tersiêre inrigting begin. Dit is belangrik dat jy genoeg kennis het om dit waarmee jy in aanraking kom te kan toets. Om te kan toets wat julle dosente vir julle leer. Dit wil nie sê dat jy altyd weet hoe dinge wel is, maar dat ‘n mens agterkom as sekere dinge wat gesê word nie reg is nie of dat jy begin om verder te vra en verder te ondersoek.

Dit is ook baie belangrik dat jou kennis van die Bybel nie van jou omgang en liefde vir die HERE los staan nie. As dit so by jou is, is die kans groot dat jou kennis van die Bybel net ‘n teoretiese kennis is. Dan dreig die gevaar dat dit wat in die Bybel staan vir jou die beste teorie is. As ‘n ander teorie vir jou dan baie aanspreek en oortuigend lyk, kies jy vir die ander teorie en word dit wat in die Bybel staan ‘n outydse teorie waarmee ‘n moderne mens nie meer kan werk nie.
Dit is daarom so belangrik dat jou kennis ‘n werklike kennis en verbondenheid met God is. Dat in jou lewe daar ‘n lewende omgang met Christus is. Dat jy diep in jou hart en lewe besef dat dit wat jy in die Bybel lees die lewende stem van die HERE is. Dit wat ‘n mens daar lees is nie een of ander wetenskaplike teorie nie wat weer verkeerd bewys kan word en dan deur ‘n aangepaste teorie vervang moet word nie. Die Bybel is God se openbaring wat grondslag en toetssteen vir alle wetenskap is. Dit is die HERE wat bo elke menslike gedagte en teorie staan. Hy is ook die Skepper wat as Enigste onfeilbaar weet hoe alles in werklikheid is. Wie Christus ken en deur Christus God as Sy Vader ken, leer die plek van God se Woord in jou lewe, in die werklikheid eerbiedig as ‘n plek wat bo elke wetenskaplike teorie staan.

‘n Gereformeerde student is iemand wat vra.
‘n Gereformeerde student moet ‘n mens wees wat vra. Dit is nie reg as jy tydens jou studie net leer wat jy moet leer en nie vir jouself vra: Is dit werklik so?



Iemand wat studeer en navorsing doen, kry al hoe meer kennis. Hy hoor en lees en ontdek somtyds dinge wat nie pas by dit wat hy by die huis of in die kerk geleer het nie. Hoe moet jy daarmee omgaan? Moet jy daarvoor bang wees? Moet jy jou daarvoor soveel as moontlik afsluit? Moet jy dinge maar so gou as moontlik wegbêre en nie verder daaroor nadink nie? As ons so lewe, is ons verkeerd besig. Dit is nie reg om dinge af te wys omdat dit in ons kring afgewys word nie. As iets goed en reg is bestaan daar geen

gevaar as ons daarna krities kyk nie. Iets kan nie goed wees omdat: ons ouers dit sê, of omdat die ampsdraers dit sê, of omdat dit al 200 of 300 jaar gesê word nie. Hier is artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis belangrik waar ons onder andere bely: "Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid gelykstel nie, want die waarheid is bo alles." Wie studeer en meer kennis versamel het die taak om bestaande sienings krities te bekyk.
Dit is baie belangrik hoe jy dit doen. Jy moet dit eerlik doen. Eerlikheid beteken dan dat jy dit wat jy geleer het nie veroordeel omdat dit outyds sou wees nie. Dit mag nie so wees dat ons die nuwe aanvaar omdat dit nuut is nie. Dit gaan daarom dat dit wat 'n mens geleer het aan die Skrif en aan die feite getoets word. As jy dit doen beteken dit dat jy iets jou eie gemaak het en so word dit jou eie oortuiging. Dan kan jy ook met argumente ander sienings weerlê en leer jy werklik die essensie van dinge sien. Dan gebeur dit ook dat jy sien dat sekere dinge gewoontes is wat dalk nie verkeerd is nie, maar ook nie sake is wat jy 'n ander mag oplê nie.
Wie studeer en later in die samelewing en in die kerk leiding moet gee, moet leer om dit wat gesê word te kan analiseer en vars te kan beoordeel. Daarvoor is 'n grondige kennis van die Bybel nodig as ook 'n grondige kennis van die werklikheid. Daarom is dit nodig dat julle nie net studeer om deur te kom nie, maar ook dat jy 'n deeglike kennis het van die werklikheid wat jy bestudeer. 'n Gereformeerde student is iemand wat leer om selfstandig te dink en daarby vanuit die kennis van God en Sy Woord posisie te kies om later ook 'n bydrae in die kerk en samelewing te gee. Om so die ontwikkeling van Christus se koninkryk te wil bevorder.

'n Gereformeerde student is iemand wat antwoorde soek

Studeer 'n gereformeerde student net om later sy werk te kan doen? As 'n mens argeologie studeer, kan jy aanvaar wat oor die ontstaan van die wêreld en die ouderdom van die aardlae gesê word, omdat jy dit later in jou werk moet gebruik?
As 'n mens regte studeer, kan jy sê: Ek moet die wette goed ken, want ek moet dit later kan toepas sonder om daaroor na te dink of sekere wette regverdig is en wat die agtergrond van die ontstaan van sekere wette is?
'n Mens kan rekenmeester wil word en sê: Ek leer net allerhande dinge om dit later te kan toepas sonder om te vra wat is die gedagte agter die dinge wat ek nou leer. Dit gaan hier ook nie net om getalle en berekenings nie.
'n Gereformeerde student vra na die waarheid. Die waarheid is nie dieselfde as dat jy later jou werk kan doen en daarin aanvaar word nie. As jy op die waarheid gerig is, gaan dit in jou studie ook nie net om jou vak nie maar is jou belangstelling groter.

Die gereformeerde student is op die geheel gerig.

Wie vandag by universiteit of technikon studeer, studeer slegs in 'n sekere vak of rigting. Dit is ook nie meer moontlik om alles te weet nie. Omdat die kennis so toegeneem het, kry ons al hoe meer spesialiste en word 'n mens al hoe meer tot 'n spesialis opgelei. Die gevaar is dan groot dat ons nie meer die geheel van die werklikheid raaksien nie. Die gevaar is dan groot dat 'n mens ook nie kan beoordeel waar die kennis waarin jy gespesialiseer het sy plek in die geheel van God se skepping inneem nie. Dan word dit ook moeiliker om sekere uitgangspunte in jou eie vakgebied te beoordeel. Juis as christene is dit nodig om te bely dat die werklikheid een samehangende geheel is. Dit is so omdat die HERE die enigste God en Skepper is. Hy het Sy skepping volgens Sy volmaakte plan gemaak. Dit beteken dat alle dinge 'n goeie plek in die geheel van God se skepping gekry het, en dat alles sy eie plek in die geheel gekry het. Dit beteken dat ons ons eie plek mag raaksien en bestudeer maar ons mag die onderdeel nooit heeltemal op homself bekyk nie, want dan begin perspektiefvervalsing intree.

'n Voorbeeld daarvan is die natuur. 'n Mens kan so op die ekonomie en die ontwikkeling daarvan gefokus wees dat geen of te min aandag vir natuurbewaring in ons denke bestaan nie. Natuurbewaring en die stryd teen besoedeling en die ondersoek daarna word dan as minderwaardig gesien. 'n Mens kan ook so op die bewaring van die natuur gerig wees dat die natuur eintlik as 'n god gesien word. Die gevolg is dan dat 'n verantwoorde ontwikkeling van 'n land nie meer ernstig ondersoek word nie. Ekonomie en natuurbewaring het alles met mekaar te doen. As mense dit raaksien lei dit nie net tot 'n balans nie, maar gaan dit selfs die bestudering van ekonomie en natuurbewaring beinvloed.
Die geheel van die werklikheid is so belangrik dat dit kennis en allerhande wetenskaplike teorië beinvloed. 'n Gereformeerde student moet altyd weer na die geheel kyk om sy eie kennis 'n goeie plek te kan gee.

'n Gereformeerde student is iemand wat dien
Die Here het ons in Genesis 1 en 2 al die opdrag gegee die aarde te bewerk en te bewaar. Gen 1: 26-28; 2:15. Die heers oor die aarde beteken dat ons tot diens aan God en aan ons naaste geroep is. Dit is naamlik die HERE in wie se diens ons die aarde moet ontwikkel en bewaar. Hy het vir ons ook ons naaste gegee wat ons mag dien.
Die woord dien is baie belangrik by die keuse wat 'n mens gaan studeer. Wat is jou motief om 'n sekere studierigting te kies? Die HERE het vir ons talente gegee. Die een het baie talente gekry en die ander minder. Somtyds het iemand so baie talente gekry dat hy hulle nie almal kan ontwikkel nie. 'n Mens moet kyk wat sy of haar talente is en dit diensbaar maak in God se Koninkryk. Dit beteken dat vir 'n gereformeerde student die geld wat jy later kan verdien of hoe belangrik jy in die samelewing kan word nooit die rede mag wees om 'n sekere studie te kies nie. Dit gaan daaroor hoe ons met ons talente die meeste diensbaar in die bevordering van Christus se Koninkryk en die diens van ons naaste kan wees. Christus is Koning en Hy het reg op alle gebiede van die lewe. Daarom mag ons die terrein van die wetenskap nie aan ongelowiges oorlaat nie. Ons roeping is om ook op die terrein van die wetenskap 'n wetenskap te ontwikkel wat in ooreenstemming met Christus se Woord en dus met die egte werklikheid is. Ons mag ons nie terugtrek en die wetenskap aan mense oorlaat wat nie van uit gehoorsaamheid aan Christus op elke terrein van die lewe hulle werk doen nie.
Die Here wil julle wat studeer toerus om ook later in die samelewing leiding te kan gee. Om dit ook in die kerk te doen. Om so God se volk vir gevare te kan waarsku en te kan wys wat die werklikheid is. Dit is 'n voorreg om 'n gereformeerd student te wees. Julle mag werk in die perpektief van Christus se Koninkryk. Daarin het ons mekaar nodig as mense van verskillende vakgebiede. Ons is geroep tot christelike wetenskap.

ONS DROOMWÊRELD?

Verslag van die studente-vereniging vergadering gehou op 10 September 1999

Dirk Boon

Ons wil weereens almal baie hartlik bedank wat vir die tweede vergadering van die studente vereniging gekom het. Dit was soos die vorige keer 'n groot sukses. Ons mag die Here baie dankbaar wees dat daar so baie belangstelling (ongeveer 35 studente het gekom!) onder ons jongmense is vir so 'n studente vereniging waar elkeen se horison ten opsigte van sy studies verder verbreed word. Ja, selfs ds. Visser was daar! Dus: Niemand is te oud om te leer nie! Baie dankie ook aan Hanno Boon wat met ons gepraat het oor die dinge wat agter die skerms skuil met sekere teorieë waarmee ons in aanraking kom. Sy praatjie se titel was: "Studeer jy in 'n droomwêreld? Kom kyk saam met ons agter die skerms van 'n paar *waarhede*." Dit het verder spesifiek gegaan oor Maslow se behoefte hiërargie.

Herman de Jager het die vergadering begin deur almal welkom te heet. Daarna het Jan van Houwelingen die vergadering met Skriflesing en gebed geopen, 1 Kor 1: 17 – 31 is gelees. Dit gaan daar oor die wysheid van God en die wysheid van die wêreld. Die hoogste wysheid van die wêreld haal nie by die eenvoudige wysheid van Christus nie – ook nie dit wat ons op die Universiteite / Technikons / Kolleges leer nie. Dit wat ons daar leer is nie noodwendig verkeerd nie – maar as dit nie in die lig van Christus se verlossingswerk staan nie, is dit nutteloos. Dit het baie goed uitgekom in die diskussie oor Maslow se behoefte hiërargie. Ons het ook Ps 119: 39, 40 gesing: "Heer u Woord is my 'n fakkel."

Hierna het Herman 'n kort en kragtige opsomming gegee oor wat in die vorige vergadering (openingsvergadering) gebeur het. Daar het ds. Visser 'n goeie fondament gelê vir die res van die studente vereniging se werksaamhede. Sy praatjie is net hierbo in die Olielamp te vinde. Herman het verder verduidelik hoe Hanno se praatjie aansluit by dié van ds. Visser, en ook oor hoe dit ons almal as studente raak. Verder het hy die program vir die res van die jaar verduidelik. Meer hieroor later.

Hanno se praatjie het gegaan oor hoe ons as studente moet kyk agter die skerms van sekere teorieë wat ons moet leer. Dit is gedoen aan die hand van Maslow se behoefte hiërargie. Die meeste van ons het al êrens met hierdie humanistiese teorie te doen gekry. Dit is 'n rangskikking van die behoeftes van mense vanaf basiese behoeftes tot by self-aktualiserings behoeftes, gebaseer op die 'instinkte' van mense. Dit lyk min of meer soos die skets op die volgende bladsy (in Engels).

Sy praatjie het om die volgende punte gedraai:

- Wie was Maslow?

- Wat het Maslow gesê?
- Watter invloed het sy toerie in die westerse wêreld?
- In watter vakke vind ons vandag hierdie teorie terug?
- Hoe staan ons as Christene teenoor hierdie teorie?

Ons hoop om in die volgende Olielamp ‘n weergawe van hierdie praatjie te plaas. Dit kan ‘n goeie hulpmiddel wees, ook vir in geval jy met Maslow te doen kry in jou studies.

Na die praatjie was daar pouse en kon ons weer ons oë met lig trakteer. Hanno se praatjie is gedoen op MS Power Point, maar die projektor was nie so helder nie. Met die gevolg dat Johannes so ver moes gaan om die buisligte van die Johannes Calvyn skool se voorportaal uit te draai sodat ons beter kon sien. In elk geval, daar was weer koffie en koek – en weer kon alles nie opgeeët word nie!! Deesdae se studente darem! Hopelik gaan dit volgende keer beter!

Na pouse was daar groepsbespreking wat baie goed gegaan het. Hier en daar was daar hewige diskussies oor onse vriend Maslow en al sy dinge. Tog kon ons baie van mekaar leer. Die volgende punte is in die groepe bespreek:

- Waar sien jy Maslow raak in jou eie vakgebied?
- Hoe kan mens Maslow se behoefte hiërargie herrangskik sodat dit inpas in ‘n Gereformeerde raamwerk?
- Hoe moet ons as Christene staan teenoor hierdie teorie?
- Kan ons dan absoluut niks by Maslow leer nie?
- Aan watter ander toerieë kan jy dink wat nie werklik Gereformeerd is nie?

Die groepsbespreking is opgevolg deur ‘n meer algemene bespreking waar enige ander punte na vore gebring kon word. Daarna het Hanno die vergadering met gebed afgesluit. In aansluiting op sy dankgebed wil ons die Here dank vir hierdie moontlikhede wat Hy aan ons gee om as studente saam te kan kom en allerhande dinge rakende ons studies te bespreek. Ons wil Hom ook vra of Hy ons almal (die voorlopige bestuur en elke student) die belangstelling en deursettingsvermoë sal gee wat nodig is om hierdie vereniging voort te laat gaan tot opbouing van elkeen van ons se geloof in hierdie mooi en wye wêreld van ons Here in die hemel.

Hierna het ons verhuis na die kerksaal waar ons weer lekker speletjies gespeel het. Daar was ook weer koeldrank te koop, en die res van die koek is opgeeët. Hierdie keer het die snoeker tafel nogal baie aftrek gehad, en ons was verbaas met die spelvermoë van Henriette en Annemarie! Nee wat, dit was weer ‘n baie suksesvolle en gesellige aand! Baie dankie!

Die volgende en laaste vergadering van die jaar (26 November) gaan ‘n tipe ‘workshop’ wees waar ons almal saam gaan kyk na hoe ons die studente vereniging die beste sal kan laat funksioneer. Almal se insette word hier baie dringend benodig! Daarna gaan ons ook gesamentlik ‘n vaste bestuur kies wat die vereniging sal lei in die jaar 2000 en verder. Dan beplan ons om nog iets daardie aand te doen waarna almal van julle baie sal uitsien!
Hou die aansteekborde en julle posvakkies dop!
Sien julle daar!

KURRIKULUM 2005

Maaike Raimond

Wat is die eerste ding waaraan julle dink as julle hierdie opskrif lees? Skole, regering, kinders, new age, ‘n groot disaster, ‘n wonderlike alternatief...? Hoe voel julle hieroor? Opgewonde, bang, onseker, kwaad, nuuskierig...? Ek is seker by al die lesers van hierdie artikel is daar verskille. Daar word op baie maniere daarna gekyk en daaroor gedink in Christelike kringe. Ongelukkig is daar ook baie wanopvattings hieroor. Kom ons vat die konsep van ‘n kant af en begin by die begin.



Wat beteken die woord kurrikulum? Volgens die HAT

beteken die woord kurrikulum letterlik studiekursus of leerplan. Dit is afgelei van die latynse woord "curriculum" wat letterlik kursus beteken. Dit help ons nou nie juis veel verder nie.
'n Boek wat 'n jaar gelede in die Suid-Afrikaanse konteks geskryf is definieer kurrikulum as volg:
"The Curriculum:
The curriculum is often misunderstood as referring only to the syllabus or the content of what is taught. A curriculum is much more than this. It relates to the aims and purpose of the entire schooling programme. A curriculum includes how the programme is structured; the processes and methods of teaching/learning; methods af evaluation; the nature of extramural activities; the structure of staff-student relationships; leadership and management structures and procedures; and a range of other factors which charactirize the particular shape or form of the whole programme. The term covers not only what takes place in the schooling process. But also how it typically takes place. It also covers both the formal curriculum (the stated goals, content, and processes), as well as informal or "hidden curriculum" (what really takes place beneath the formal stated curriculum)."

'n Blad wat onlangs deur die regering versprei is, sê die volgende:
"An educational approach, outcome based education (OBE), is being introduced. This approach focuses on what is learnt and how you learn it, rather only on what is taught."

Die beleidsdokument van die Departement van Onderwys verdeel dit in die volgende terme:
Kurrikulumraamwerk: Filosofiese en georganiseerde raamwerk wat riglyne vir onderrig en leer daarstel.
Kurrikulumontwikkeling: Generiese term vir die ontwikkeling van leerprogramme, leermateriaal, lesvoorbereiding ens.
Kurrikulum: Alle aspekte van onderrig en leer.

Die regering sê egter dat die uitkomste uit kurrikulum 2005 slegs 'n raamwerk vorm waarbinne die onderwysers hul eie inhoud kan voeg. In feite sou dit dus so wees dat sou ons saamstem met al die uitkomste, dat kurrikulum 2005 dus Christelik is. Uit bogenoemde is egter baie duidelik dat 'n kurrikulum baie meer as net 'n raamwerk is. Dit is die inhoud wat onderrig moet word asook die onderliggende doel wat die regering daarmee het.

Kan leerders nog druip? 'n Leerder kan een keer in die grondslagfase (graad 1-3) en een keer in die intermediêre fase (graad 4-6) teruggehou word. 'n Leerder sou dus twee keer in die laerskool teruggehou kon word. Leerders mag eers in die jaar waarin hulle 7 word skool toe gaan wat voorkom dat ouers hulle kinders baie vroeg in die skool sit om goedkoop opgepas te word en sodat hulle maar in elk geval graad een so 'n paar keer oor kan doen

Wat behels kurrikulum 2005 nou eintlik? Daar is 'n paar veranderinge wat die moeite werd sou wees om te noem:

Die vakke, soos ons dit ken, is nou leerareas. Daar is agt. Dit is die volgende:
1. Taal, geletterdheid en kommunikasie
2. Ekonomiese en bestuurswetenskappe
3. Wiskundige geletterdheid, wiskunde en wiskundige wetenskappe
4. Tegnologie
5. Natuurwetenskappe
6. Kuns en Kultuur
7. Lewensoriëntering
8. Menslike en sosiale wetenskappe

Daar word van die onderwyser verwag om hierdie leerareas te integreer. Dit is om byvoorbeeld 'n aktiwiteit aan te bied waar die leerders moet lees en iets moet uitreken oor die natuur. Dan is daar reeds drie leerareas gedek in die een aktiwiteit. Dit is natuurlik niks nuuts nie, meeste onderwysers doen dit al jare.

Oorhoofs vir alle leerareas is daar sewe kritieke uitkomstes (KU). Hierdie uitkomstes word in alle leerareas bereik en is 'n proses van ontwikkeling deur die leerder se hele skoolloopbaan. Hierdie uitkomstes behels die volgende: Probleemoplossing, groepwerk, organisasie, informasie prosessering, kommunikasie, verantwoordelike gebruik van wetenskap en tegnologie en 'n begrip van die wêreld as 'n stel verwante sisteme.

Elke leerarea het op sy beurt weer 'n aantal spesifieke uitkomstes (SU) wat aan die spesifieke leerarea gekoppel kan word. Daar is altesaam 66 SU's. Aan elke SU is daar 'n aantal beoordelingskriteria gekoppel wat die onderwyser kan help met die beoordeling van die uitkomstes en dan is daar aan elkeen van hierdie kriteria weer 'n aantal taakaanduiders gekoppel. Die leerders sal dus deur die taak te doen, beoordeel kan word deur na die toepaslike kriteria te kyk en so sal jy weet of die leerder die SU bereik het. Hier is 'n voorbeeld: (hierdie is die enigste uitkoms

van die totale 66 wat iets met godsdiens te doen het)

Leerarea: Lewensoriëntering
Spesifieke uitkoms nommer 3: Leerders respekteer die reg van mense om hul eie oortuigings en waardes te hê.
Beoordelingskriteria nommer 3: Die leerders demonstreer kennis van ‘n reeks van gebeure in hul geloofsisteem.
Taakaanduiders: Dit sal bewys word as die leerders:

- belangrike gebeure in hul geloofsisteem ondersoek deur te verwys na relevante bronne
- hul bevindings deel/voordra
- die mees belangrike norme, waardes en beginsels van hierdie opnames aflei en verstaan
- sommige van die beginsels in elke dag se leefsituasies toepas

Verder rus die kurrikulum op sekere beginsels. Onderwysers is fasiliteerders van leer en leerders moet aktief en interaktief besig wees met leer. Groepwerk, deurlopende evaluering, ontwikkeling van ‘n individu en buigsaamheid vir elke unieke leerder is ook onder die beginsels. Algemene burgerskap en nasieskap word beklemtoon. Die holistiese ontwikkeling van elke leerder op intellektuele, fisiese, persoonlike, sosiale, geestelike en emosionele vlak staan sentraal en daar word gestreef na ‘n volle, inklusiewe, gelyke gemeenskap wat vry is van onregverdige diskriminasie soos deur die grondwet bevestig.

Wat ons as Christene moet doen is om te vra waar die balans lê. Ons kan nie totaal en al buite die wêreld staan en sê ons gaan nie saam met die kurrikulum nie, omdat dit van ‘n regering, wat ons Skepper en Koning nie dien nie, kom. Ons kan ook nie blindelings net aanvaar en daarmee voortgaan nie. Ons moet ‘n gesonde balans soek, soos wat God van ons vra om ons hele lewe lank te doen. Gaan lees hierdie inligting weer krities deur, die meeste daarvan kom regstreeks uit die beleidsdokument van die regering en gaan dink daaroor. Kan ons as Chistene hiermee saamstem, of vra God van ons iets anders? Dit is elkeen van ons se taak. As julle meer inligting wil hê, vra gerus. Reaksies is ook welkom.

Voel jy ook so

DIE EINTLIKE STRUIKELBLOK

Peter Raimond

Die laaste tyd het daar heelwat artikels oor die kongres in die Olielamp verskyn. Die drankkwessie in besonder is baie aangespreek. Hierdie kwessie en ook ander kwessies in verband met die kongres kom al ‘n lang pad. Na 1998 se kongres was dit duidelik dat heelwat mense nie gelukkig is met die toedrag van sake op die kongres nie. Die kritiek was so oorweldigend dat die organiseerders oortuig was dat kongres nie die moeite werd was nie. Dit terwyl verskriklik baie moeite gedoen is deur ‘n handjievol mense. Wat het hulle as dank gekry? Stank. 'n Klap in die gesig. In elk geval het die dankbaarheid nie uitgestraal van die kongresgangers nie.

Want sien, die duiwel hou daarvan as hy die gemeenskap van Heiliges kan verdeel.

Maar waarom? Hierdie kongres was nie soveel anders as vorige kongresse nie. Wat organisasie betref een van die bestes. Selfs die opsigter was besonder positief oor ons jeug. Die eerste keer dat daar "die jeug van vandag" nie gate in die deure skop of krane afbreek nie ens. Die mense wat dit nie glo nie, kan gerus die opsigter ‘n luitjie gee.

Waaroor gaan dit dan? Daar is oor verskeie dinge gekla, maar daar is een kwessie wat uitgestaan het. Mag die jeug wel of nie drank gebruik op kongres. Vandat ek die eerste artikel gelees het, het ek gewonder: Is dit die moeite werd? Dis seker goed om ‘n debat êrens oor te hê, maar as die debat afbrekend is in plaas van opbouend dan twyfel ek of dit die moeite werd is. En die huidige debat is afbrekend, want ons het twee partye wat teenoor mekaar staan sonder dat een van die partye wil buig of bars.

Die situasie is nou van so ‘n aard dat as daar wel drank toegelaat word dan kom die een party kongres toe en as daar nie drank toegelaat word nie dan hoop ons kom die ander party. En die duiwel lag. Want sien, die duiwel hou daarvan as hy die gemeenskap van Heiliges kan verdeel.

Waarom sal ons die duiwel sy sin gee deur met flou verskonings weg te bly van kongres? Op die ou-end kom ons tog kongres toe om iets te leer van God en sy Woord en nie primêr om onsself te geniet nie.

God vra van ons onder andere verdraagsaamheid, liefde en geduld. Dit is nie te sien aan die manier waarop die artikels geskryf word. Daar word soveel Bybeltekste aangehaal dat dit enige Jehova getuie verward sal laat. Dit word dan deur elkeen se eie interpretasie op hul standpunt toegepas, maar oortuig hoegenaamd niemand nie.



Die Bybel gee nie ‘n reguit antwoord op hierdie kwessie nie. Tog is dit definitief goed om ‘n slag te kyk na ons drink gewoontes, sowel voor en na die kongres, maar veral tydens die kongres. Daar is ons immers ‘n voorbeeld en dra ons duidelik die beeld van die kerk uit. Ook die musiek wat ons luister en die films wat ons kyk is definitief nie altyd Christelik nie. Iemand wat radikaal gebreek het met die sondes, sien dit gou raak. Maar vir iemand vir wie alles ‘n sleur geword het, klink dit waarskynlik soos ‘n CD wat vashaak. Want ons vergeet; ons moet bly stry, want anders word ons lou.

Deur geen kontrole oor drank en musiek te hê nie, skep ons die risiko om nader aan die rand van die afgrond te kom. En ek wonder of ons nie steeds nader aan die rand kom nie. Ons moet nie onsself probeer bluf deur te sê:”Ag wat kla hulle nou weer nie”. Selfondersoek is nodig. Iets wat waarskynlik te moeilik is, want die sleur is makliker.

Maar is geen drank op kongres die oplossing? Moet asseblief geen koffie bedien na ‘n erediens nie, want miskien gaan die mense wat verslaaf is aan kafeïen, die ander ook aansteek. So kry die kerk dan ‘n slegte naam. ‘n Bietjie absurd, want kafeïen is nie so verslawend nie. Wat van sigarette dan? As mens nie mag drink nie, dan mag mens ook nie rook nie. Wat is die volgende wat ons gaan verbied? ‘n Aparte seuns en meisies kongres? Ja, want netnou…

Om my, ter wille van ander, op ‘n kerkkamp te onthou van sekere dinge maak vir my nie sin nie. Ek sal eerder die hele jaar my van iets onthou as dit een siel sal red. Ons hele lewe is tog ‘n getuienis en dit sal verkeerd wees om kerk en werk te skei.

Hier in Suid-Afrika werk dit ongelukkig baie keer so dat almal tot en met matriek baie beskermd grootword. En sodra iemand matriek gedoen het, dan is hy/sy vry om te maak en te breek net soos hulle wil. Jammer, maar dit werk nie. Enige ordentlike mens walg as hy die helfte van die stories moet glo oor Stellenbosch. As iemand homself gaan vergryp aan drank op kongres, dan moet hy nie Stellenbosch toe gaan nie. Hy kom nie lewend daaruit nie.

Ek glo ‘n mens moet van kleins af verantwoordelikhede hê om te kan leer om daarmee om te gaan. Nie alles op een slag nie, maar wel steeds meer. Solank die straf nie net by ‘n waarskuwing bly nie, leer ‘n ou steeds weer. Dink maar aan daai bietjie sakgeld elke maand toe ons klein was.

Die vraag is wel: Wanneer is iemand oud genoeg om verantwoordelik met iets om te gaan? Dit wissel, maar volgens die landswet moet iemand 18 jaar oud wees voor hy drank mag koop. Daarby moet ons hou en ons kan nie daaromheen nie. Maar om iemand van 23 ‘n bier te weerhou, want hy gaan ander laat struikel in die geloof? As iemand daaroor gaan struikel dan wonder ek of sy geloof wel reg is.

In ‘n kwessie soos bogenoemde is die party wat **sy reëls** probeer afdwing op ‘n ander, ‘n **struikelblok**. Laat ons daarom die verantwoordelikheid of drank wel al dan nie toegelaat word of wat se musiek gespeel word die verantwoordelikheid maak van die organiseerders van die kongres. Hulle moet ook die verantwoordelikheid op hulle neem en nog belangriker: ingryp waar dinge te ver gaan. As dit wat hulle besluit nie teen die Bybel ingaan nie, dan moet ons ons daarby neerlê en hulle ten volle ondersteun. Ons bou ten slotte aan God se koninkryk en nie aan ons eie nie!

VERSLAG - GEESTELIKE KOMMISSIE: KONGRES 1999

Annet Lubbinge

Ons as geestelike kommissie wil alle kongresgangers van KONGRES 1999 net so 'n bietjie inlig oor wat ons al gedoen en gereël het m.b.t. die geestelike sy van die kongres. Van vroeg in die jaar af al het ons begin koppe bymekaar sit om dit 'n groot sukses te maak, en sover lyk dit baie positief. Ons kan maar net op ons knieë gaan en God dank vir sy hulp en bystand en ook vra of Hy die werk verder sal seën.

Ons wil net kortiks die onderwerpe en sprekers bekend maak. Niks is nog heeltemal finaal nie en ons is nog oop vir enige voorstelle.

Die kongrestema sal wees: ***Kinders van God in 'n nuwe millenium***. Daar sal 6 werkswinkels aangebied word. Die onderwerpe en aanbieders is soos volg:

Onderwerp	**Aanbieders**
Vryetydsbesteding	ds Pieter & mev Gerda Nel
Ydelheid	mev Greet de Vries.
Natuur, omgewing en ons verantwoordelikheid	mnr Ian Bosman.
Met wie sal ek trou?	mev Inge de Visser.
Geskiedenis (Kerk en sending) met toepassing op vandag	ds Arjan de Visser.
Toekomsvoorspelling	dr Neels du Preez.

Ons is verder nog besig om Skrifoordenking stukkies saam te stel vir persoonlike Bybelstudie en dagopening in die oggend. Ons wil ook graag etes op die regte manier begin en afsluit met Skriflesing en gebed waar spesifiek gelet sal word op "*Die vrugte van die geloof.*" (Gal. 5:22) en ander Bybelgedeeltes wat daarby aansluit. Die "sangbundel" van vorige kongresse is verbeter en aangevul sodat ons almal lekker kan saamsing.

Ons hoop om dit 'n geestelik opbouend en verrykende kongres te maak met die hulp van die Here.

Vir enige voorstelle en navrae kan enige lid van die bg. kommissie geskakel word:

Karina Smit	(012) 333 6900
Annet Lubbinge	(012) 331 0093
Jan van Houwelingen	(012) 331 3202
Cornelis Kleyn	(012) 331 0931

NUUS VANUIT PRETORIA

Teen die tyd wat hierdie Olielamp uitgawe uitgedeel word, is die jaar al weer amper verby. Vir die meeste studente is dit nog net 2 maande oor voor die Desember-vakansie. Die matrieks se rekord-eksamen is dan ook weer verby. Ek hoop dit het goed gegaan. Dis nou nog net die eindeksamen wat voorlê vir julle voordat julle die skoolstof van julle voete afskud en die grootmenswêreld betree.

Sterkte met die eindeksamen!

Daar was weereens geldinsamelingspogings vir die kongres wat DV aan die einde van die jaar sal plaasvind. Eerstens was daar die “Warempel – aand.” Daar kon almal weer met hul talente na vore kom. Die redaksies van die Olielamp het die geleentheid aangegryp om 'n bietjie ons jeugblad te adverteer. Pretoria en Maranata se redaksielede

het soos nonne en monnike aangetrek en met brandende kerse (al die ligte is spesiaal afgesit) al singende deur die donker saal gestap. Die voorsangers was Dirk en Johannes (maar julle kon ons darem voor die tyd gewaarsku het van wat ons gaan sing, want dan kon ons dalk ons lag bedwing het), en die lied het gegaan oor die "diep intellektuele geheime" wat in die Olielamp te vinde is. Almal is aangespoor om artikels te skryf, of om deur die blad mekaar se geloof te versterk.
Daar was hierdie jaar ook 'n wisseltrofee vir die algehele wenners, wat die Van Houwelingen Broers losgeslaan het. Dirk en Loïs Boon het met die 2e prys (vir 'n klein groep) weggeloop met hulle Jazz-stukkie. Die Johannes Calvyn skoolkoor het die prys gewen vir 'n groot groep met hulle item "Noot vir Noot." Die wins van die aand was R1300. Ons wil net baie dankie sê vir almal se deelname en ondersteuning die aand.

Daar was ook weer 'n "kar-venster-was" gewees. As groep staan ons dan op 'n besige kruising in Menlyn en was karre se vensters terwyl die lig rooi is. Hierdie keer het ons nog die meeste geld ingesamel, net so oor R1 000. Annemarie Lubbinge het nog sommer 'n bietjie evangelisasie gedoen en Nicolene Bijker was gretig om te help. Annemarie het 'n sendelingdominee se adres vir een van ons swart broeders wat langs die pad sy goedjies wou verkoop gegee. Die snaaksste en seker ook die lekkerste van die "kar-venster-was", is om die mense se reaksies te sien. Party is baie humeurig, terwyl ander dit weer as 'n groot grap sien. Party is baie vrygewig (Annet, het jy mooi "gesmile" om daardie R50 noot te kry? Martyn, jy het seker 'n ou tannie se hart versag om joune te kry?). Ons het nou al in totaal ongeveer R3500 ingesamel en dit net met "kar-venster-was"-aksies.

Die musiekfees is ook nou verby. Mense, as julle dalk gedink het julle kom nie omdat julle nie van sulke tipe goed hou nie, julle het baie gemis! Selfs ek wat nie so baie van sulke aande hou nie, het dit baie geniet. Ons kon ook hoor hoe die nuwe "orrel" van oom Jan Zielman klink.

Marieke Admiraal is al in Holland teen die tyd wat julle hierdie uitgawe kry. Sy gaan vir 'n jaar Au Pair werk doen. Marieke, ons hoop jy geniet dit. Laat maar so af en toe 'n bietjie van jou hoor!

Om op te maak vir Marieke, hier is weer twee stasielopers uit Holland. Hulle bly by Kamphuis en kom vir 4 maande hulle prakties hier doen. Laat ons almal probeer om hulle welkom te laat voel.

Julle het almal hopelik julle bonus-uitgawe gekry. Weens omstandighede het daar foute ingesluip. En die foute is reggemaak in die bonus-uitgawe. Ongelukkig is die middelste bladsy verkeerd om ingesit. Ons is baie jammer daaroor en hoop dat dit nie weer sal gebeur nie.

Tot 'n volgende keer
Voetspoor.

Oosgenootjies

VERGADERING VAN DIE JEUG SAAM MET DIE KERKRAAD

Johannes de Vries

Die kerkraad van Maranata en die jeug het saam vergader (1999-08-29, na die aanddiens). Die titel van die vergadering was: Hoe leef 'n Christen. Ds. Visser het die vergadering ingely en die volgende stellings is bespreek:

- 'n Christen is met Christus verbonde.
- 'n Christen volg Christus se voetstappe.
- Die dinge van Christus se kerk en Koninkryk het vir 'n Christen prioriteit.
- Die voorbereiding vir die Sondag is baie belangrik en bepaal die tydsbesteding op Saterdagaand.
- Die keuse wat jy in jou lewe maak word nie

bepaal deur geld en plesier, maar aan “die diensbaar wees aan Christus” en sy ryk. Dit bepaal jou beroepskeuse, politieke keuse, ens.

- Om Christus te dien beteken ook dat jy op geen enkele manier ‘n struikelblok vir jou omgewing wil wees om lidmaat van sy gemeente te word nie. Sien 1 Kor. 9:19-23.
- Christus dien beteken dat jy nie ‘n biertjie drink as jy weet dat een persoon in jou omgewing gou teveel drink. Sien 1 Kor 8.
- Christus volg beteken dat so gou as wat ons geld verdien o.a. deur die aflewer van koerante ons 10% vir die werk in Christus se Koninkryk gee.

Een van die dinge wat na vore gekom het was die volgende: Na aanleiding van 1Kor. 8 :9, waar dit gaan oor die vleis wat vir afgode ge-offer word en of ons as christene dit eet, was die vraag of mens ook ‘n sekere handeling moet vermy as ‘n ander daar aanstoot van neem. As mens vers 9 mooi lees, dan staan daar dat mens die handeling moet vermy as dit ‘n struikelblok vir iemand is. Dit is iets anders as wat dit iemand aanstoot gee. Die persone vir wie dit aanstoot gee kan hierdeur misbruik maak van die teks. Hierdie teks moet ons wel sterk aanspreek as een van ons vriende probeer om op te hou met rook. Ons is dan verplig om hom/haar in aanmerking te neem as sy/hy in ons teenwoordigheid is. Ons is dan ter wille van hom/haar verplig om nie in sy teenwoordigheid te rook nie.

Verder het dit ook na vore gekom dat dit belangrik is watter beeld ons as Christene na buite toe uitdra. Dit geld nou vir elkeen as individu en as ons in ‘n groep saam funksioneer. Die beeld wat ons Christene na buite toe uitdra moet ons lewenswyse en verhouding met God weerspieël. Daarom is dit belangrik om ‘n goeie voorbeeld te stel in ons lewenswyse. Dit behels nou rook, drink, taalgebruik en uitgaan plekke. Dit is baie keer vir ons moeilik om te stry teen sulke sonde.

Iets om oor na te dink…
Die volgende vrae het op vereniging na vore gekom. Dit is dalk goed om hieroor na te dink en dit onder mekaar te bespreek:

- Kan God Sy wil verander, dink aan Hiskia wat langer geleef het toe hy om vergewing gevra het?
- Is God se wil dieselfde as sy raadsplan? Kan sy raadsplan verander?
- Kan ons die teks vers Ex. 20:12 deurtrek deur te sê dat die “land wat die Here jou God aan jou gee” kan wys op die nuwe hemel?

DEUR DIE SLEUTELGAT

Waar kry mens nou so 'n jeug soos hier in die Kaap? Nee, dis nie om te "brag" nie. Ek probeer net sê dat daar, na my beskeie mening, nie nog so 'n **mal** jeug is soos hier nie. Die klomp sit so 'n maand terug in die Siberiese koue van die Kaap en braai. Mal, of hoe? Ek sê dit maar nie te hard nie, want ek was een van daai mal klomp. So moenie vir jou pelle vertel om die Sleutelgat te lees nie. Hou dit maar vir jouself!

Maar ek moet nog iets vir jou vertel (en dit kan jy maar verder vertel): hierdie betrokke braai was reuse-pret. Ja, die vleis was bietjie taai en hard (helaas gevries weens die

koue), maar die gees was vuurwarm. Wat wil jy in elk geval meer hê: gevriesde vleis kan jy nog bewaar tot 'n volgende keer, maar dis nie asof jy gees kan vries en dit op 'n volgende geleentheid kan laat ontdooi en sê: "Kom ons kry 'n bietjie gees!", nie.
Ons het die vuur maar net bietjie hoër opgestook, bietjie nader aan mekaar gesit en (nee, ons het nie gedrink nie) lekker gesels.

Terwyl ek hierdie Sleutelgat skryf, sit ek sommer en dink dat ons vandag by Jeugvereniging oor selfbeeld gepraat het. Daar is gesê dat dit belangrik is om mekaar ook op te bou met opregte komplimente. En dit is iets wat ek in hierdie laaste paar uitgawes van die Sleutelgat van 1999 wil probeer doen.
Hierdie gat word dikwels gebruik om mekaar so 'n bietjie by te kom, niks lelik nie, net vriendskaplike spot. Kom ons sit vir 'n slag die sleutel in die gat en ons komplimenteer mekaar. Sjoe, dit kan miskien bietjie sukkel om komplimente vir sommige van hierdie (mal) jeuglede uit te dink. Maar in elk geval, ek sal probeer. ☺
Maar moet nou nie dink dat ek die vrienskaplike kom-ons-kom-hom/haar-bietjie-by-spottoon nou net gaan los nie. O nee, julle moet nog maar fyn trap.

Ek sal nie almal se name in hierdie uitgawe kan noem nie. So, as jy nie jou naam sien nie, moenie die uwe se kop kom afbyt nie. Julle weet tien teen een ook nie wie die uwe is nie, so moenie raai nie. Net nou het jy die hele jeug se kop afgebyt voordat jy by my uitkom. En dan gaan ek jou kop afbyt.

Ja, ons is 'n wonderlike klomp bymekaar. Voor ek verder gaan: hierdie komplimente is opreg en nie uitgedink nie. Laat ek ter wille van die vrede begin by een van die ou kêrels in die jeug - ons vriend Erik Raimond. Erik, dankie vir jou bedagsaamheid. Julle weet, Erik is een van daai ouens wat altyd iets raaksien wat ander dalk miskyk. Gevolglik sien hy ook mense raak wat ander dikwels oor die hoof sien. Ons kan daaruit leer. Een van ons ander legendes is ou Floris. Ja, hy's nie tans 'n permanente Kapenaar nie, maar tog ken die meeste van ons hom wel. Ek sou hom graag wou komplimenteer met die woorde van een van die jonger jeuglede: "Koffiedrink en braais is nie dieselfde sonder Floris nie".

Dankie vir daai gees en geselligheid wat jy uitstraal, Floris.
Een van die jong turke in ons geledere is Maarten Raimond. Daar is nie 'n kans om te dink die lewe is oninteressant saam met hom nie. Die ding wat hom so interessant maak, is sy eerlikheid. As jy met Maarten oor 'n saak praat, gaan hy nie doekies omdraai nie. Hy sal vir jou eerlik sê waar jy met hom staan. Iets om oor te dink, nê?

Twee mense wat nou binnekort een gaan wees en wat jy nooit weer twee gaan maak nie - om die waarheid te sê, hulle was die afgelope jaar al een, al was hulle eintlik nog twee - is Morné en Magdel. Is dit nie die toonbeeld van hoe 'n paartjie lief vir mekaar behoort te wees nie. Morné straal as hy na Magdel kyk en Magdel aanvaar die liefde met soveel vroulike sjarme. Ai pragtig, ek kry eintlik hoendervleis van lekkerte. Een persoon wat by my - en ek neem aan by die meeste van julle - baie gesag afdwing, is Margreet. Sy praat nie baie nie, maar as sy die dag iets sê, dan hou ek my mond styf toe en luister met gespanne afwagting. Ek dink so nou en dan dit loop in die familie, want kleinboet Erik-Jan praat ook op daardie manier. Goed, hy het nog daai bliksemstraal in hom wat elke jongman op daai ouderdom maar het, maar tog praat hy waar dinge.
'n Laaste enetjie vir hierdie maand is Antionette. Wat 'n sagte geaardheid. Dit straal uit haar uit. 'n Mens kan altyd vir haar vra hoe gaan dit en sy sal vriendelik wees; ook al gaan dit nie heeltemal 100% nie. Dankie Antionette.
Vir die res van julle: ek is steeds lief vir julle. Julle beurt kom ook nog. Vir julle moes ek net bietjie langer dink. Nee, ek spot sommer.

Soos reeds gesê in verlede maand se uitgawe, het ons 'n rooster opgestel vir koffiedrink en nou vloei die koffie nie meer sporadies nie, maar chronies en sonder probleme (nou klink ek nes 'n dokter wat 'n diagnose maak: mevrou, ek sien

sporadiese tekens van puisies, maar glo my dis nie 'n chroniese probleem nie en 'n bietjie salfies sal die ding regmaak). Sonder grappies: dankie vir al die mense wat hulle huis so gewilliglik oopgestel het.

O ja, die Kapenaars het 'n alternatief vir die drankprobleem op Kongres. Miskien kan die Kongreskommissie daarna kyk: ons stel 'n biertent voor. As jy wil drank geniet moet jy dit in die tent doen en na wat ek verneem, is daar 'n paar sterk kêrels wat as "bouncers" gaan optree. So as jy jouself wangedra, dan gaan Arjan van der Lugt en sy tjomme jou (probeer) uitgooi. Nou sê jy miskien: maar dit gaan die kongres in twee groepe verdeel. Nee wat, ons het die antwoord: ons gaan vensters in die tent maak waardeur die mense met mekaar kan praat. Tevrede? Verder gaan ons koepons met elektroniese staafkodes uitdeel sodat jy nie jou grense kan oorskrei nie. Toemaar Pretoria, ons trek maar net julle bier…, ag, julle been.

Dis verskriklik hoe die vakansies en die eksamens mekaar afwissel. Jy's skaars klaar met die een dan kom die volgende een alweer. Nou's dit alweer tyd om sterkte toe te wens vir die eksamens. Ek praat nou veral met die matrieks: dames en menere, baie sterkte. Mag die Here julle naby wees in al julle voorbereidings en tydens die skryf van julle eksamens. Sterkte ook met die keuse van 'n werk en studierigting volgende jaar. Werk hard genoeg, maar nie te hard nie. Onthou dis 'n loopbaan, nie 'n renbaan nie. Aan alle ander skrywendes, baie sterkte. Werkendes, hou moed en hou ook die regte perspektief in julle werksomstandighede.

Ja, ek weet, ek praat alweer te veel. Hulle het al probeer om hierdie rubriek te verwyder uit die blad, maar die "public demand" was te groot. So, hier's ek nog steeds.
Mag dit 'n mooi maand vir julle almal wees en dan praat ons weer volgende keer.

Groetnis
Die Sleutelgatdrinker (net koffie)

ZUID-AFRIKA: EEN SCHITTEREND LAND! VAN PRETORIA TOT KAAPSTAD

Peter Voorberg

Een tiental jaren geleden was Zuid-Afrika nog een onbekend land voor de doorsnee Europeaan. Enkele familieleden waren er eertijds wel naar toe geemigreerd, maar voor de rest was het een land wat echt aan de andere kant van de aardbol lag.

Dat ligt het nog steeds, maar het is ondertussen voor veel mensen bekender en beter bereikbaar geworden. Familieleden gaan bij elkaar op bezoek en scholen bieden de studenten de gelegenheid om internationale reizen te maken. En dat is ook de reden waarom ik in Zuid-Afrika beland ben en tevens de reden waarom ik een artikel voor “die Olielamp” schrijf. Want over het landschap van Zuid-Afrika en zijn bevolking, daar kun je wel een boekje over open doen, ja toch?

Pretoria
Arnoud Messelink, Christiaan Boven en de schrijver van dit artikel vertrokken 12 juli vanaf Schiphol met als eindbestemming Johannesburg. Na een elektrische storing zijn we veilig geland en opgepikt door familie van Houwelingen. Bij deze familie zijn we twee weken verzorgd alsof we hun eigen kinderen waren. We kregen ook een auto tot onze beschikking, en dat is toch wel iets wat opvalt; de gemiddelde Zuid-Afrikaan is baie gastvrij en staat altijd klaar om iets te ondernemen. Dat is echt fantastisch.
We zijn direct de volgende ochtend om 5:00 ons bed uitgegaan en naar Sabie en vervolgens naar het Krugerpark gereden. Dit in het gezelschap van een buitengewoon goede gozer en gids, namelijk Jan van Houwelingen. En eerlijk gezegd: zonder hem had dit alles niet mogelijk geweest. Na twee weken vakantie ben ik met de

bus afgezakt naar Kaapstad, terwijl Arnoud en Christiaan in Pretoria bij de heer Groenveld verbleven. Zij hebben op de Johannes Calvijn Laerskool vier weken stage gelopen en ik op de Laerskool in Bellville.

Afstudeeronderzoek



Dit heb ik echt buitengewoon genoten. Een gezellige school waarin iedereen klaar staat om je te helpen, van directeur tot leerkracht, van bestuurlid tot leerling. Ook duidelijke verschillen met het Nederlands onderwijs zoals het pedagogisch klimaat (d.w.z. de verhouding leerkracht-leerling, de sfeer die er op school heerst) en die is hier echt goed. Ook heerst er hier een goede discipline, wat ook zichtbaar word door het schooluniform. Ik ben daar een groot voorstander van geworden. (het is mijn plan om dit in Nederland in te voeren....)

Dit zijn allerlei aspecten die opvallen naast het onderzoek waarvoor ik hier gekomen ben. Als afstudeerscriptie onderzoek ik, op de Laerskool in Bellville, hoe de leerling voorbereid word op de multi-culturele samenleving. Krijgt hij daar les in? En hoe dan?

Afrika herbergt een enorme verscheidenheid aan rassen en culturen. Belangrijk om dan de kinderen normen en waardenbesef bij te brengen van deze verschillende culturen. Dit gebeurt weinig tot helemaal niet. Maar daar komt wel verandering in met het nieuwe curriculum 2005. Zij legt wel degelijk nadruk op het onderwijs over de verschillende rassen en culturen. Ik heb dit curriculum ook in mijn onderzoek betrokken en dit is zeer interessant. Een curriculum wat een politieke achtergrond lijkt te hebben (regenboognatie) een ideologische visie verkondigt en volgens de meeste niet haalbaar is. Nederland is ook een multi-cultureel land en word hierin steeds sterker. Vandaar dat het interessant is om te kijken hoe Zuid-Afrika hiermee omgaat en wat wij daarvan kunnen leren.

Kaapstad

Tussendoor heeft de familie Moes (familie en kostgezin) geen gelegenheid voorbij laten om mij de mooiste plekjes van de Kaap te laten zien. En ik moet zeggen, al is het dan winter, maar met dertig graden de Tafelberg beklimmen is toch erg lekker. Tip: neem niet de route voor de ervaren bergbeklimmers, want die is erg zwaar en gevaarlijk, maar wel spectaculair.

Of Kaap de Goede Hoop, het Waterfront, de mooie, romantische baaien met hun witte stranden en hoge golven, de winkelcentra; reden genoeg om een nuchtere Hollander eeuwig zijn hart te doen verliezen in Zuid-Afrika!

Reden genoeg voor elke student, die ooit de gelegenheid krijgt om aan de andere kant van de wereldbol te gaan kijken: met beide handen aan te pakken. Het is niet alleen een kwestie van genieten, ook van leren. Zien hoe arm de mens kan zijn, tot welke misdaden hij in staat is. Zien hoe God ook hier zijn kerk vergadert, aan de andere kant van de wereld. Hoe mooi het is dat we over dezelfde God praten en uit dezelfde Bijbel lezen. Zien hoe kinderen hier gereformeerd onderwijs krijgen, hoe leeftijdsgenoten vereniging houden.

Wat dat betreft zou je het elke leeftijdsgenoot willen toewensen om eens een dosis derde wereld op te doen. Leren dankbaar te zijn voor het goede leven wat je hebt, voor het onderwijs en kerk, voor de mooie natuur waar je van mag genieten: uiteindelijk komt Hem de dank toe.

Ik vertrek 23 augustus weer naar Nederland. Ik zal met een enkeling nog in (e-mail) contact blijven staan. Ik wens jullie in ieder geval het beste toe. Met vriendelijke groet van

Peter Voorberg
cpvoorberg@hotmail.com

REAGEREND

laat elke handskrif
weergalm
oor die heuwels van jou gedagte
en die klinkers glip in ‘n
luisterende
hart wat die onthulde grepe
met ‘n handvol begrip kan
antwoord.

Annemarie

RAAI NOU

Raai soema nou
hoerie wêreld sal lyk
dertag jaar van nou.

Olifant is yt
geroei deur olieslieks
dis naar om te sandbaai
en gevaarlik om te swem.

Robbe spoel yt
- altyd op Harmony Park -
wurms en vlieë sal volop wies
dertag jaar van nou.

Wat praadjy van walvis?
Capitalism het hom ytgewis
ennie vis wat oorbly
gie vi amil allergies
vannie kakhys wat ôs maak
van als wat water is.

En moenie kô sê
darrie environment
innie wide open spaces van Afrika issie:
djy’t *boggerol* jaart oor
wat nog groen is
want orals is net konkriet en klip,
servants’ quarters en dabbel garages.

Miskien is jou raainou
jou troeteldier
- as djy nie al klaar hond vrietie -
want daai honnerd rand skaaptjop
herrie voëls ytgegif.

En terwyl djy jou plestiek blomme admire
skilder ‘n mossie of ‘n tôtie –
dit kan dalk ‘n collector’s item word.

En raai nou
wat oor sal bly
vannie innocent natuur
dertag jaar van nou…

Peter Snyders
(Uit: GROEN. Gedigte oor die omgewing.
Saamgestel deur Johann Lodewyk Marais)

Nogal ‘n tong in die kies appèl wat aan almal van ons gerig is. Hoe dink jy sal die omgewing lyk oor 30 jaar? As jy aan sommige plekke dink waarvan jy weet wat nie al te ‘hot’ lyk nie, sal ons maar net ons oë toeknyp vir hoe dit moontlik sal kan lyk oor dertig jaar!

Kan ons die skuld vir vandag se omgewingsbesoedeling en –vernietiging toeskryf aan die groot oliemaatskappye of die steenkoolmyne? Lê die probleem by die hoë kokkedore wat skynbaar nie raaksien hoe die 'smog'-walms in die oggende oor Kaapstad, Johannesburg en Pretoria en veral die Witbank (redelik naby aan Bethal) omgewings lê nie? Terwyl ons tog nog almal graag in ons EIE karre werk toe wil ry? Hoe sal besoedeling kan afneem as daar in plaas van 4 karre met een passasier elk, net een kar op die pad is met vier passasiers? Dink ook aan die petrolkoste en slytasie!

Lê die probleem nie baie keer in ons manier van denke nie? Ons outomatiese gemaksugtigheid? Dinge doen sonder om na te dink oor wat die invloed daarvan op die omgewing is nie? 'n Sigaretstompie uit die venster gooi?

Ja, sê ons dan! Ons moet die mense van Suid-Afrika opvoed om nie te besoedel nie! "Education!" Ons moet almal bewus maak van die omgewing. Want sonder die omgewing kan die mens nie lewe nie!

Tog is dit belangrik om te besef dat ons nie in die eerste plek van die omgewing afhanklik is nie, maar van ons Vader in die hemel. Hy het die omgewing met al die mooi daarin gemaak. Aan die mens het Hy die opdrag gegee om dit te ontwikkel en uit te brei tot lof van sy Naam (Gen 1:28) asook om dit te bewerk en te bewaar (Gen 2:15).

Dis DAAR waar ons verantwoordelikheid lê, nie by die omgewing in die eerste plek nie. Mens kan in die gedig 'n sweempie van omgewingsverafgoding ontdek, wat nogal in die mode is deesdae. Ons moet egter aan God se opdrag gehoorsaam wees en die omgewing as gawe van Hom ontwikkel binne die grense wat Hy daarvoor stel. Dan is dit baie jammer om te sien hoe ons leefomgewing baie keer vervuil word as gevolg van gemaksug en hebsug – waar die grense wat die Here stel heeltemal verbreek word.

Dan is dit logies dat die oplossing vir die probleem nie in die eerste plek lê by omgewingsaksies en groen bewegings nie. Maar wel in 'n nederige erkentlikheid van die feit dat ons Here die omgewing aan ons as sy kinders gegee het om te ontwikkel en te bewaar tot eer van sy Naam.

VERJAARSDAE

Bethal

Leclue Nienaber	12 Sep

Johannesburg

Willem Swanepoel	2 Sep
Eunice Boessenkool	27 Sep
Talita Boessenkool	4 Okt
Celeste Boessenkool	11 Okt
Marie-Louise Kuyvenhoven	17 Okt
Henk Bijker	30 Okt

Kaapstad

Lieneke Eefting	3 Sep
Ernst-Jan van Vondel	4 Sep
Christine van der Linden	20 Sep
Christine Scheltens	24 Sep
Jan Geerts	12 Okt
Philip Scheltens	26 Okt
Stefan van Dalen	30 Okt

Maranata

Reinier Raimond	15 Sep
Mirjam de Vries	16 Sep
Gerda van Dyk	18 Sep
Hein Smit	23 Sep
Reinier van den Bout	27 Sep
Arnold Eilers	7 Okt
Annemarie de Vente	12 Okt
Marinus Boon	15 Okt
Johan de Vente	16 Okt
Yolanda Sterk	17 Okt
Hannes Bosman	26 Okt

Pretoria

Nonka Bijker	4 Sep
Sjaak Hagg	12 Sep
Herman van der Linden	13 Sep
Sonja van der Veen	19 Sep
Adriaan Aartsma	5 Okt
Rinus Kamphuis	5 Okt
Erik Bosker	9 Okt
Tineke de Vries	15 Okt